

19 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 12:7-13:27**

**Fokusgedeelte: Jeremia 12:7-17**

**As die Here die huis nie bou nie werk die wat daaraan bou tevergeefs**

By die sluiting van die verbond met sy volk sê die Here dat Hy hulle oorvloedig sal seën. As hulle sy opdragte gehoorsaam en sy gebooie hou sal hulle brood volop wees en die land sal sy opbrengs gee (Levitikus 26). Jeremia verkondig egter nou die oordeel van die verbond (verse 7–17). In vers 13 staan: “Hulle het koring gesaai maar dorings gemaai; hulle het hulle uitgeput sonder om baat te vind.” Hulle het tevergeefs gewerk, tevergeefs vroeg opgestaan en laat gaan slaap, want die Here se seën op hulle arbeid het ontbreek. Sonder die seën van die Here is alles tevergeefs. Ons is soms ook besig om hard te werk sonder om in gedagte te hou dat alle harde werk tevergeefs sal wees tensy die seën van die Here daarop rus. Ons moet op bevel van die Here werk, maar ons moet ook bid: “Omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan diegene gee wat Hom sonder ophou daarom bid en daarvoor dank ” (HK Sondag 45). Die gebed, in die Naam van onse Here Jesus Christus, het groot krag (Jak 5:16).

*Sing: Psalm 127:1,2*

*Ds DL de Beer (Emeritus)*